# Die verbond: God werk organies

*deur dr. P. J. Coetzee*

*(GKSA professor Teologiese Skool Potchefstroom, 1970-1980, oorlede: 2008-04-20)*

## I. Die Verbond is nie met los indiwidue opgerig nie.

Dit is merkwaardig dat in die Heilige Skrif God gedurig weer die weg volg om met 'n mens en sy geslag in 'n verbondsverhouding te staan, met die gemeente en sy nageslagte. Die beloftes van God geld nie net 'n enkele alleenstaande gelowige nie, maar in hom ook sy huis, sy geslag. Hierdie solidariteitsgedagte is in die verbondsleer van die Heilige Skrif 'n wesenlike element.[1]

Die woord "verbond" hou die gedagte in van 'n verbintenis.[2] In die alledaagse lewe vind ons dat die hoof van 'n staat 'n verbond met 'n ander regering aangaan. Dit kan gebeur dat daardie staatshoof spoedig daarna te sterwe kom, maar sy nakomelinge en voorts die hele volk bly nog gebind om die stipulasies van die verbond uit te voer. So 'n verbond betrek dus nie net die persoon van die staatshoof nie, maar almal wat hy verteenwoordig en namens wie hy handel en die gevolge daarvan kan andere raak selfs tot na sy heengaan. (Toe gedurende die Tweede Wêreldoorlog die regering van Suid-Afrika teen Duitsland en Italië oorlog verklaar het, was ons almal van daardie moment af daarby betrokke, ook selfs die klein kindertjies wat glad nie eers van 'n oorlog bewus gewees het nie, en miskien eers ná die oorlogsverklaring gebore is.)

God se verbond is nog veel meer ingrypend in sy konsekwensies. Sy verbond met die inhoud daarvan, die beloftes en eise wat dit bevat, strek hom uit tot almal wat organies aan die persoon met wie die verbond gesluit word, verbonde is. Dit duur ook nie soos 'n oorlogsverdrag tussen twee aardse regeringe net totdat die oorlog (die motief of oogmerk vir die verbondsluiting) verby is nie, maar dit duur tot in ewigheid, dit wil sê solank die saak daar is waaroor gehandel word.

## II. Die eerste en die tweede Adam.

Uit Adam het die hele menslike geslag voortgekom. Die eenheid, die saambinding, die gemeenskaplikheid van die mense onderling is so magtig, so sterk dat hulle metterdaad — die wat reeds gebore is, en die wat nog tot op die laaste mens van die hele mensheid gebore word — saam één geheel, één geslag vorm, uit een stam voortgespruit en soos takke, blare en bloeisels te voorskyn tree, groeiende uit dieselfde stam.[3] In Adam se lendene was die saad van alle mense. Alle menslike geboortes is niks anders nie as 'n na buite tree van wat in Adam se lendene verborge gelê het onder die skeppende hand van God. Ons het miskien die gedagte dat ons elkeen om 'n eie spil draai en elkeen op 'n eie wortel groei, maar *die* werklike posisie was altyd, is dit vandag nog en sal bly soos God dit bestel en verordineer het, naamlik dat alle mense soos lote uit een stam sal wees en dus eintlik een stam vorm.

Die organiese eenheid van die menslike geslag onder een hoof tree dus reeds in Adam na vore. Paulus noem Adam uitdruklik 'n voorbeeld van Hom wat sou kom. (Rom. 5:14). En verder noem hy Christus die laaste Adam. (1 Kor. 15:45). Dit blyk dat die genadeverbond hom ontplooi volgens die grondgedagtes en lyne van die werkverbond; dit is daarvan nie die afskaffing nie maar die vervulling, soos die geloof die wet nie tot niet maak nie, maar dit, bevestig. (Rom. 3:31.) Werk- en genadeverbond moet dus enersyds sterk onderskei word, maar andersyds is hulle baie nou verwant. Adam het sy plek as hoof van die menslike geslag verbeur en verloor, en nou is hy deur Christus vervang, Christus neem die vervulling op Hom sowel van wat die eerste mens misdaan het as van wat hy moes doen. Hy het alles volbring en vat nou sy ganse gemeente as 'n

[1] L. van der Zanden: De Verbondsgedachte, bl. 23 vv.

[2] A. Kuyper: Dictaten Dogmatiek, 2de druk, Locus de foedere, bl. 67.

[3] A. Kuyper: Uit het Woord V (De leer der Verbonden), bl. 43 vv.

vernude, menslike geslag onder Hom as Hoof saam. In die bedeling. van die .volheid van die tye word alles weer deur God verenig onder een hoof in Christus, alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is. (Efese 1:10.)

Hierdie vereniging geskied op organiese wyse. As Herskepper wandel God in die spoor wat Hy as Skepper, Onderhouer en Regeerder van alle dinge afgebaken het. In die werk van die skepping en van die wederbaring is God die eerste — die Bron. Die werk van die saligheid gaan van Hom uit, nie slegs in die wyse waarop die heil verwerf word nie, maar ook wat betref die toepassing. Oor die vraag: wie sal glo? beslis nie die keuse van die mens nie, maar God se vrymagtige welbehae. Skepping en herskepping is dus uit, deur en tot Hom.

God se herskepping veronderstel sy skepping.[4] In die skepping het Hy die mensheid in organiese verband geskape, anders as die engele wat geen bloedverwantskap ken nie. Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak (Hand. 17:26) en Hy laat self die ryke verskeidenheid en eenheid van geslagte, families en gesinne daaruit voortkom. In die werk van sy herskepping gaan God in die verbond van die genade hierdie geledinge en verbindinge in organisme van die mensheid nie verby nie. As God die Here die geestelike liggaam van Christus met sy vele lede opbou as die nuwe, herstelde organisme, dan voeg Hy dit nie uit aparte, los naas mekaar staande enkelinge saam nie. Dan maak Hy vrymagtig van die ou verbonde wat Sy eie Skepping is, gebruik. Hierdie nuwe geheel val nie met die ou boom van die mensheid saam nie, want dan sou alle mense salig word. Dit gaan net so min buite dit om. Daarin lê die ryke werklikheid gefundeer dat die gemeente van Christus geen optelsom is van losse persone nie, maar uit gesinne opgebou word wat soms tot in geslagte in ongebroke gemeenskap die Here opreg vrees.

Christus het Adam dus vervang. Soos Adam die wortel van die oorspronklike mensheid was, is Christus die wortel van die nuwe mensheid.[5] In Hom, die Hoof en die Middelaar van die genadeverbond, is die uitverkorenes organies een. (Efese 1:4; 3:11.)[6] Die verkiesing dra dus self 'n organiese karakter en: sluit die gedagte van 'n verbond reeds in.

Terwyl die mensheid organies saamhang, 'n geheel vorm, is dit te begryp dat ook die kwaad nie atomisties bestaan nie, maar hom laat geld as één samehangende mag. Teen hierdie mag kom die verbond na vore om die lewe te verweer en te beveilig. Reeds in die paradys word uit genade 'n. belofte verbind aan die saad van die vrou. God beweeg Hom dan, in groot lyne gesien, met die gawe van die saligmakende heil voort in die bedding van die geslagte. Eers met die oog op hierdie geestelike organisme van die gemeente as liggaam van Christus kan die verbond in volle sin organies genoem word.

### III. Die genadeverbond strek hom uit tot die gelowiges en hulle saad.

Hierdie gedagte word in die Heilige Skrif telkens met nadruk op die voorgrond gestel. Agter die Middelaarswerk in die tyd lê die verbondsluiting in die ewigheid. Hy is die Ewige wat tot verbondsluiting kom en dit in die tyd uitwerk deurdat sy gedagtenis van geslag tot geslag bestaan en tot in ewigheid. Die lyn loop deur vanaf Adam, die hoof van die werkverbond (die verbondshandeling in die paradys as die weg waarlangs die mens die ewige lewe moes verwerf: "doen dit en jy sal lewe".) Adam was, soos ons gesien het, die organiese aanvangspunt van die menslike geslag.[7] Dit gaan deur Noag heen, die uit die vloed behoue mensdom, en Abraham as die vader van vele volkere, na Christus as die hoof van die liggaam, van die ingelyfdes in die genadeverbond. Dit sluit in al wat tot die persoon behoort, sy nakomelingskap. In hom word ook aangesien diegene wat uit hom sal voortkom, sonder dat hulle dit weet of dat daar van 'n eie vrye

[4] A. D. R. Polman: Woord en Belijdenis I, bl. 308.
[5] Honig: Gereformeerde Dogmatiek, bl. 438/439.
[6] H. Bavinck: Magnalia Dei, bl. 307.
[7] A. Kuyper; Dictaten Dogmatiek, bl. 67 vv.

wilskeuse sprake kan wees. Die doopsformulier verklaar dat ons kinders buite hulle wete aan die verdoemenis in Adam deel het en net so ook weer in Christus tot genade aangeneem word. Vergelyk ook vraag 74, Heidelbergse Kategismus.

So gaan God in die genadeverbond een van die sterkste verbindinge in die ou organisme, die geboorte van mens uit mens, waarmee die rykdom van die familielewe saamhang, nie verby nie. In die verbond weerklink telkens die blye boodskap dat God die God is van ons nageslag, Nie alleen by die aanvang van die verbondsluiting met Abraham, die vader van al die gelowiges nie (Gen. 17:7), maar ook op die geboortedag van die kerk van die nuwe verbond doen Petrus daarvan belydenis in die bekende woorde: "Want die belofte kom aan julle toe en julle kinders ..." (Hand. 2:39). Vergelyk o.a. ook Gen. 9:9; Exod. 6:1-7; Deut. 4:31; 2 Sam. 7:12 en 16; Ps. 89:29 en 30.

Hierdie ryke verbondsgedagte erken en heilig die band van die bloed. Die Doopsformulier beklemtoon tereg dat die "jou en jou nageslag" nie alleen tot Abraham nie, maar in hom ook tot ons en ons kinders gespreek is. Die lyn van die geslagte het dus nie in die Nuwe Testament sy betekenis verloor nie, al is die saligmakende genade nie tot een volk beperk nie. Dit geld nog dat die band tussen ons en ons kinders van so groot betekenis bly dat die kinders van die gelowiges met die ouers in die verbond van God en in sy gemeente begrepe is.

**IV. Die menslike verantwoordelikheid word deur die organiese karakter van die verbond nie uitgesluit nie.**

Alle bondelinge moet steeds opgewek word tot geloof en bekering. Die maatstaf van die belydenis en godsalige lewenswandel moet aangelê word. Volgens die oordeel van die liefde moet dan as gelowiges aanvaar word die wat aan hierdie maatstaf beantwoord. Daar moet gedurige selfondersoek wees. Die opneming in die verbond beteken ook groot verantwoordelikheid. Die lot van die verbondsbrekers, die wraak van die verbond, sal ondraagliker wees as die lot van hulle tot wie die evangelie nie gekom het nie.[8] Die Doopsformulier stel dit so dat in alle verbonde twee dele is en dat ons daarom ook weer van Godsweë deur die Doop vermaan en verplig word tot 'n nuwe gehoorsaamheid.

Ons mag die genade nie gaan beskou as erfgoed wat bloot kragtens natuurlike geboorte oorgelewer word nie. Dit sien ons wanneer die groot meerderheid van die volk Israel Christus verwerp en vele uit die heidene inbegrepe word as kinders van Abraham en die belofte beërwe. Die verbond skeur hom nie los van die bedding wat in die natuurlike verhoudinge van die menslike geslag uitgegrawe is nie; dit sit hom voort in die families, geslagte en volke op 'n historiese en organiese wyse; die geestelike saad staan nie los van die natuurlike voortplantingsproses nie;[9] dit handhaaf die natuurlike orde, maar ons moet die verbond waarvan ons die teken dra, met 'n persoonlike geloof realiseer. U kerkgang, u bybellees, u gebed, u gehoorsaamheid aan God moet 'n daad van uself word. U moet uself deur God se Woord aangespreek weet en daar ook persoonlik op antwoord.[10]

Ons mag dus nie outomaties uit die vleeslike afstamming uit vroom ouers die sekerheid van God se guns aflei nie. As ons kinders van Abraham, die vader van die gelowiges, is, moet ons ook die werke van Abraham doen. Nie die kinders van die vlees nie, maar die kinders van die belofte is die ware saad van Abraham. (Joh. 8:37-47). Deur die geloof moet ons elkeen persoonlik ons tot Christus wend en pleit op God se verbondsbelofte uit genade. (Ps. 116:16).

Aan die een kant kan in die bekendmaking van die verbond van die genade die beloftewoord van God hom tot die. hele saad van die gelowiges rig, sodat alle kinders van die gelowiges as

[8] Honig, a.w. bl. 439 vv.
[9] Het dogma der Kerk.
[10] Ds. Gabe van Duinen: De Stem achter u, bl. 81.

erfgename en draers van die belofte en as bondelinge aangemerk kan word, terwyl tog andersyds die ware saad en die eintlike bondelinge alleen diegene is wat van Christus is en deur die Vader aan Hom gegee is, wat deur die onvoorwaardelike en lewendmakende beloftewoord en deur die Gees van Christus verwek word. Alleen die onherbore hart en die hoogmoedige verstand, wat van die misterievolle verbondsgemeenskap niks verstaan nie, sien hier 'n teenstrydigheid. Calvyn sê: Laat die hipokriete en hulle wat hul nie van ganser harte tot God bekeer nie, God nou taster en sê: Waarom sing Hy vir dowes? Waarom vervul Hy nie aan almal dit wat Hy toesê nie? Hulle werp slegs stene op wat op hulle eie hoof terug val. Maar diegene wie se harte en verstand deur die Gees van God verlig is, erken wel dat hulle hier voor misteries staan, maar roem nogtans in die betroubare Woord van God. Hulle kan seker nie die wonderlike samehang van die Goddelike verbondsbeskikking en die verantwoordelikheid van alle bondelinge met die verstand peil nie, maar hulle ken die gebaande en geopende weg, Christus, en bely met groot dankbaarheid dat op hierdie weg te midde van vele vrae die reis veilig en seker is na die Vaderhuis,

**V. Dit is 'n troosryke waarheid dat die verbond organies is.**

Wanneer 'n verbondskind gebore word, het ons rede tot groot blydskap. In die Doopsformulier staan nie net dat ons met ons kinders in sonde ontvang en gebore is en daarom kinders van die toorn is, aan allerhande ellende, ja, aan die verdoemenis selfs onderworpe nie, maar daar staan ook dat God sy genadeverbond opgerig het en dat sy beloftes aan ons en ons kinders toekom. (Gen. 17:7 en Hand. 2:39. Vgl. Ook Sondae 26 en 27 Heid. Kategismus; Matth. 19:14; Luk. 1:15; Ps. 22:11, 31; Jes. 44:1-3; Jes. 59:21).

Christenouers mag by die wieg van hul kind weet dat hy bekend sal wees met die enigste Naam wat aan ons tot saligheid geopenbaar is en dat hy omring sal wees van die ryke evangelie: Wie in Jesus Christus glo, het die ewige lewe. Die ouers het wel geen wiskundige sekerheid dat hierdie kind wel sal salig word nie, hulle het geen blik in God se raadsbesluit nie, maar hulle mag hulle deur die geloof die belofte toeëien. Die "jou en jou nageslag" wat tot Abraham gespreek is, mag hulle op hulle en hul kinders betrek. Daardie geloof leer hulle om vir hulle en hul kinders biddend te pleit by die genadetroon van God dat die "jou en jou nageslag" ook aan hierdie kind bevestig mag word. Hulle het altyd weer 'n pleitgrond in die verbondsbelofte, selfs wanneer die kind mag wegdwaal:. "Ek sal vir jou 'n God wees en vir jou nageslag ná jou".

Die ouer het geen blik geslaan in die boek van God se verkiesing nie, hy bid steeds dat Sy Wil mag geskied, maar tegelykertyd voer hy sy verantwoordelkheid uit om in die gebed met God te worstel vir sy kind, en die gebed is ook in God se raad opgeneem. Hy mag pleit op die beloftes van die verbond terwille van die verdienste van Christus, terwyl hy in die geloof mag jubel:

Die Heer wat van geen wankel weet nie,
sal nimmer Sy verbond vergeet nie;
Al sy beloftes bly van krag
tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind,
bevestig Hy van kind tot kind.

(Ps.105:5)